VORM 3(4)

**STANDAARD VRAELYS:**

**PERSOONLIKE OPVATTINGS EN STANDPUNTE VAN VOLKSRAAD-KANDIDATE**

PERSOONLIKE OPVATTINGS EN STANDPUNTE

van

Jan Adriaan Schlebusch

(volle voorname en familienaam van kandidaat)

*1.* Wat is u definisie van ons “volk” – wie is dit, wie is deel daarvan, en wie is nie?

*Ons volk is Blanke afstammelinge van Christen-gelowige Europese immigrante na Suidelike Afrika wat ‘n gemeenskaplike lotsverbondenheid het soos God ons deur die geskiedenis gelei het en aan Hom verbind het, in die besonder deur ons volksgeloftes. Ons is anti-imperialisties; vryheidsgesind en hoofsaaklik Afrikaanssprekend*
*Nie-blankes en Liberaliste is nie deel van ons volk nie.*

2. Boer, Afrikaner, Boere-Afrikaner - welke benaming gebruik u persoonlik om na ons volk te verwys, en hoekom?

*Boer. Myns insiens sluit die Boerevolk almal in wat hulself met ons volksgeloftes identifiseer. Ek gebruik egter wel ‘Boere-Afrikaner’ omdat die indruk by sommiges bestaan dat Kapenaars en Natallers nie deel van die Boerevolk is nie – ek meen egter dat die provinsie nie saak maak nie, maar wel die identifisering met die Boerevolk. Die benaming ‘Afrikaners’ het vaag geraak en is deur die Liberaliste gekaap.*

3. Hoekom, dink u, het ons as volk tot stand gekom in Afrika - wat is volgens u die sin van ons bestaan op hierdie kontinent?

*God het ons hier in Suidelike Afrika geplant en as volk gevorm om ‘n Godvresende en Godvererende volkshuishouding op te rig. Met die doel om Sy eer te dra en Jesus se lig te laat skyn – ook vir ander volke.*

4. Hoe belangrik ag u as persoon die Verbond (oftewel “Gelofte”, soos sommiges daarna verwys) van 16 Desember 1838?

*Die Gelofte van Bloedrivier (Danskraal) is van wesenlike belang, want dit definiëer ons volk en ons volksroeping. Dit is die primêre kriterium wat bepaal wie ons volk is.*

5. Wat behels dit, volgens u, om daardie Verbond na te kom; en wie almal is die mense wat dit moet nakom?

*Die ‘<u>stigting van ‘n huis</u>’ wat in die gelofte onderneem is en die ‘<u>eer</u>’ wat ons daarin beloof om <u>aan God</u> te gee, beteken die oprigting van ‘n <u>Godvererende volkshuishouding</u> uit dankbaarheid vir ons Here se beskermende en seënende hand. Verder moet ons die dag afsonder en herdenk en ons kinders in die gedagtenis en vrese van die Here opvoed. Ons hele volk is daartoe verbind.*

6. Behalwe die Verbond van 1838, is twee ander datums ter sprake in hierdie verband: 6 April 1654 en die gebeure by Paardekraal in Desember 1880.

Wat (indien enigiets) is ons plig vandag volgens u, in die lig van 6 April 1654 en Desember 1880 se gebeure?

*Ingevolge ons onderneming van 6 April moet ons hele volkslewe getuig van dankbaarheid en gehoorsaamheid aan ons Here. Ons moet ook die dag herdenk en gebruik om hierdie gesindheid te bevestig.*
*By Paardekraal is die Gelofte van Bloedrivier herbevestig en in die besonder die verpligting om die dag af te sonder en te herdenk.*

7. Nadat Transvaal en die Vrystaat as verloorders uit die Tweede Vryheidsoorlog getree het, het politieke partye ook in hierdie voormalige Republieke ontstaan. Wat is u standpunt rondom die sukses en wenslikheid al dan nie van 'n politieke stelsel gebaseer op politieke partye - vandag sowel as in die toekoms? (Motiveer).

   *Politieke partye is nie wenslik nie. Die kern van die probleem is egter op 'n ander vlak. Ons politiek (ook dié van die Boererepublieke) het te mensgerig geraak. Ons politieke besluite moet nie afhanklik wees van menslike wysheid en die opinie van die meerderheid nie. Ons moet besluite eenstemmig neem op grond van Bybelse riglyne. Waar daar nie eenstemmigheid of duidelikheid is nie, moet ons die Here raadpleeg.*

8. In 1948 het die Nasionale Party aan bewind gekom en die beleid van "Apartheid" gevolg. Dink u ons het vandag enige rede om spyt of skuldig te voel na aanleiding van daardie beleid? (Motiveer).

   *Afsonderlike Ontwikkeling of Apartheid is 'n Bybelse beginsel. God se skeppingsorde en Sy verbond bepaal dat volke Hom in volksverband moet soek. Die multikulturele imperiale staat is Satan se agenda. Gedurende die tydperk van Apartheid het alle mense volle politieke regte in hul eie lande gehad en ons volk het geweldig baie vir die ander volke gedoen. Dit is 'n bewese feit dat hulle nooit voor dit of nou daarna soveel onrwikkeling beleef het nie – in ekonomie, onderwys, gesondheidsdienste, of andersinds. Die rede waarom ons vyande Apartheid so aangeval het, is juis omdat dit 'n Godvererende stelsel was.*

9. In 1994 het ons alle politieke mag om oor onsself te regeer, verloor. Waarom het ons, volgens u, in hierdie posisie beland?

   *Primêr as gevolg van ons afvalligheid van ons Here. Hy beloof op baie plekke in die Bybel (Dt 28; Jes 1; Rom 1; ens) dat Hy 'n volk sal seën as ons Hom eer en dat Hy ons sal straf (veral met vreemde oorheersing) as ons afvallig raak. Die verraad van De Klerk en sy makkers was deel van hierdie straf en instrumenteel tot hierdie gruwel waarin ons ons bevind.*

10. Verskaf 'n uiteensetting van u standpunte oor ekonomiese sake (byvoorbeeld die ekonomiese stelsel waaraan u voorkeur heg; u idees of, en indien wel hoe, verarmdes gehelp kan word; u standpunt oor "*affirmative action*"; oor volkseie sakekamers en u moontlike betrokkenheid daarby; oor volkseie bankwese; hoe u dink ons volksgenote op hierdie stadium hulle geldsake

behoort te hanteer; en enige ander standpunte wat u mag huldig in ekonomiese verband).

*Ons moet ons gedrag volgens die Bybelse beginsels en God se Ekonomie-wette inrig:*

- *Privaateiendom moet gerespekteer word;*
- *Vrye mark, maar met die billikheidsbeginsel van naasteliefde; die federale beginsel wat bepaal dat die staat nie oor die ekonomie heers nie; elke ondernemer moet self sy priesterlike verantwoordelikheid teenoor God nakom; ons moet mekaar vrymoediglik berispe waar mense teen die Bybelse beginsels oortree en, waar die prieserlike rol blatant versaak word, kan die staat wel optree;*
- *'n progressiewe inkomstebelasting tot 'n maksimum van 10% vir staatsadministrasie; ander belastings kan gehef word vir spesifieke doeleides, soos infrastruktuur, bv tolpaaie;*
- *onverantwoordelike verkwisting is sonde;*
- *arbeidsaamheid; selfwerksaamheid (nie vreemde arbeid nie);*
- *ons moet die armes versorg – die eerste verantwoordelikheid is die familie, daarna die gemeente, daarna die staat; die prioriteit moet altyd wees om armes weer op die been te help en nie net te voer nie; Hiervoor kan ook 'n progressiewe belasting tot maksimum 10% gehef word, met dien verstande dat jy self mag besluit waar jy bydra;*
- *die ekonomie moet oorwegend volkseie wees.*

11. Wat is u standpunt oor die gebruik van volksvreemde arbeid – in die verlede, in die hede asook in 'n vrye toekomstige Republiek?

    *Dit was 'n fout en moet uitgefaseer word. Ons moet nou reeds begin moeite doen daarmee om volksgenote in diens te neem. Ons moet egter baie versigtig wees, want daar is baie kansvatters. Ons moet die moontlikheid ondersoek van 'n werkverskaffingsburo wat mense keur en getuigskrifte uitreik; en wat ook die oprigting van kontrakteurspanne kan fasiliteer.*
    *In 'n vrye toekomstige republiek moet ondernemers en huishoudings wat volksvreemde arbeid gebruik, progressief gepenaliseer word en die indiensneming van volkseie arbeid beloon word.*

12. Verskaf 'n uiteensetting van u standpunte oor sosio-maatskaplike sake (byvoorbeeld, wat u siening van huidige omstandighede- en u strewes vir die toekoms is in verband met die volkshuishouding in gesins- en ander verbande; en enige ander standpunte wat u mag huldig in sosiaal-maatskaplike opsig).

    *Ons volk het afgewyk van ons God. Selfs die Christene en kerkgangers is oorwegend lou. Ons is besmet met Liberalisme. Ons is selfgesentreerd, individualisties, verward en koersloos.*
    *Ons hele lewe met al sy fasette moet 'n welgevallige offer aan Jesus wees. Hierin moet ons geestelike en kulturele leiers koers aandui en leiding neem. Ons moet weer die gesinslewe herstel en huisgodsdiens hou. Mans moet weer ons priesterlike verantwoordelikheid opneem en ook die primêre broodwinners wees. Getroude vrouens met kinders moet primêr*

*tuisteskeppers wees. Die TV moet net vir opbouende doeleindes gebruik word.*
*Die moontlikheid moet ondersoek word om weer familie- of gemeentestrukture te vestig om toesig en beheer uit te oefen oor gemeenskaplike risiko's en behoeftiges. Die afbreek van hierdie verbondstrukture het meegebring dat ons ekonomies uitgesuig word deur versekeringsmaatskappye.*

13. Wat is u godsdienstige oortuigings?

*Paleo-gereformeerd.*
*Met ander woorde ek glo soos die Voortrekkers geglo het.*
*Ek glo in die drie-enige God;*
*dat Hy in volkome beheer is – ook van die klein dingetjies;*
*dat Hy betrokke is by ons lewens;*
*dat Hy regtig almagtig is in die volle sin van die woord;*
*dat elke aspek van ons lewens aan Hom onderwerp en gewy moet word;*
*dat Jesus ons Verlosser en Koning is;*
*dat ons enigste redding en hoop – ook in hierdie tydelike – in Hom is;*
*dat die Bybel leer dat volke Hom in volksverband moet soek;*
*dat ons God en Sy wette moet gehoorsaam; en*
*dat die Bybel geloofsdade eis en nie pasifisme nie.*

14. Die proses en besluit insake die ligging van die onafhanklike Republiek waarheen ons op pad is, word reeds uitgespel in die dokument tot Aanvaarding van u nominasie: Vorm 3(2). Waar, in terme van u *persoonlike voorkeur*, sou die grense getrek word van die onafhanklike staat wat ons nastreef? (Motiveer). Hoe, dink u, sal ons volksvreemde besetting (indien wel) in so 'n staat moet hanteer?

*Dit is goed dat daar groeipunte en gebiede identifiseer word waar ons selfwerksaamheid en volksbesetting bewerkstellig – soos Orania, Hartlandstigting; Anweskus; Kleinfontein ens. Ons aandrang moet op hierdie stadium nie op die trek van grense wees nie, maar om die beginsel te vestig en die aanvaarding te bepleit van selfbeskikking in volkome onderdanigheid aan ons Here, binne 'n onafhanklike grondgebied. Ek glo ons Here sal die grense trek wanneer ons voor Hom verootmoedig en ons volk aan Hom wy. Hy is 'n God van wonderwerke, soos Hy ook in ons eie volksgeskiedenis getoon het. Sonder om enigsinds voorskriftelik te wees, sou ek raai groot dele van die ou Boererepublieke, van die Noordkaap en van Noord-Natal.*
*Die ontsetting van vreemdes sal dalk deur ons Vader voorgeskryf of hanteer word op daardie stadium. As ons self daaroor moet besluit, sou ek meen ons moet indiensneming van volksvreemde arbeid ontmoedig en uitfasseer. Dit behoort die probleem grootliks op te los.*

15. Wat is u visie vir ons volk in 'n vrye en onafhanklike staat; wat is u ideale (op nasionale en internasionale gebied) vir so 'n staat; en wat behoort Regeringsbeleid in so 'n staat te wees? U kan alle of slegs sekere terreine hanteer, na goeddunke. (Sien ook Vrae 16, 17 en 18 hieronder).

*Ek kan dit nie beter bewoord as die Stem se 4e vers nie:*
*Op U almag vas vertrouend het ons vadere gebou:*
*Skenk ook ons die krag, o Here! om te handhaaf en te hou*
*dat die erwe van ons vaadre vir ons kinders erwe bly;*
*Knegte van die Allerhoogste teen die hele wêreld vry.*
*Soos ons vadere vertrou het, leer ook ons vertrou, o Heer –*
*Met ons land en met ons nasie, sal dit wel wees: God regeer!*
*Goeie buurmanskap en internasionale handel, maar altyd onderhewig aan Bybelse beginsels. Niks is so belangrik as gehoorsaamheid aan God nie.*
*Daarom mag ons nie bondgenootskappe sluit met ongelowiges nie.*
*Die regeringsbeleid moet wees om 'n Godvresende en Godvererende volkshuishouding op te rig.*

16. Dui aan of Afrikaans, wat u betref, die enigste amptelike taal in so 'n staat sal wees.

    *Afrikaans moet die enigste amptelike taal wees; die aanleer van 'n 2e taal moet verpligtend wees en van 'n 3e taal sterk aangemoedig word.*

17. Dui ook aan of daar godsdiensvryheid, wat u betref, in so 'n staat sal wees. Hoe sal moontlike ateïsme, of mense met gelowe wat op iets anders as die Bybel gegrond is, op individuele basis hanteer word? Sal diesulkes - wat u betref – op groepsbasis toegelaat word om hulle eie moskees, tempels of dergelike op te rig? Wat sal, wat u betref, staatsbeleid moet wees oor sake soos dobbelary; aborsie; pornografie; homoseksualisme; en professionele sport- en besigheid op die Sabbat?

    *Godsdiensvryheid is onbybels. Daar mag geen ander gode voor JHWH se aangesig wees nie. Ons moet die ander gode se tempels en altare afbreek ('kort en klein slaan' Ex 23:24). Geen afgode (of ateïsme) mag in die Gelofteland gedien word nie.*
    *Dobbelary; aborsie; pornografie; homoseksualisme; en professionele sport- en besigheid op die Sabbat moet verbied word.*

18. Verskaf u standpunte oor wat die hantering van misdadigers in so 'n staat behoort te wees, onder andere u siening rondom die doodstraf.

    *Halsmisdade en Godslastering moet met die dood gestraf word.*
    *Diefstal moet op die Bybelse beginsel met restitusie gestraf word.*
    *Mindere oortredings en jeugmisdaad kan lyfstraf kry. Tronkstraf moet sover moontlik vermy word en moet ook met dwangarbeid gepaard gaan.*

19. Sal volksgenote wat van hierdie Volksraad-verkiesing geweet het, maar nie daaraan- óf die verdere proses wat dit behels, deelgeneem het nie, welkom wees (wat u betref) in die vrye Republiek waarvoor ons werk? (Motiveer).

    *Mense wat ons volk vyandiggesind was (bv rasse-integrasie en die reënboognasie bevorder het), mag nie burgerskap kry of gesagsposisies beklee nie. Ek dink nie ons moet hulle verblyfreg weier nie. As hy aanhou om Liberalisme te verkondig, moet hy egter Gelofteland verlaat. Om bloot nie*

*deel te geneem het aan die Volksraadsverkiesing nie, sou myns insiens nie iemand diskwalifiseer nie.*

20. Wat is u houding oor die belangrikheid van sport tans in ons volk; wat die belang van sport in 'n eie staat behoort te wees, en enige ander opmerkings in sport-verband?

    *Sport het 'n afgod geword. Ons vyand gebruik dit as uitlaatklep vir ons frustrasie met hierdie gruwel.*
    *Sport is goeie ontspanning en stimulus vir stedelike kinders wat andersinds min oefening sou kry. Seuns moet egter ná skool eerder weermagopleiding kry en dan begin werk.*

21. Wat is u persoonlike opvattings en ideale rondom onderwys, asook tegnologiese- en nywerheidsontwikkeling

    *Alle onderwys moet vanuit Christelike perspektief geskied.*
    *Leerlinge moet sover moontlik standaard akademiese vakke neem tot graad 9 (met voorsiening vir leerlinge wat nie hiertoe instaat is nie). Daarna kan vakkeuses gemaak word volgens die leerling se aanleg en belangstelling.*
    *Studente moet deeltyds werk en studeer. Werkgewers moet inkoop in die stelsel om studente se behoeftes te akkommodeer (met bv korter werksure en genoegsame studieverlof – salarisse is soos vir vakleerlinge).*
    *Die moontlikheid moet ondersoek word dat alle tersiêre onderrig met afstandonderrig gedoen word. Skole se fasilitieite (soos labratoriums) kan bv gebruik word. Kampusse is broeiplekke van onheil.*

22. Wat is u persoonlike opvattings en ideale rondom landbou, omgewingsake, die natuur en besoedeling?

    *In 'n volkstaat is landbou, omgewingsake, die natuur en besoedeling alles sake van volksbelang. Daarom moet die staat 'n ondersteunende en beskermende rol speel. Primêr is dit die ondernemers en elke burger se plig om hierdie sake te bewaar sover dit van hom of haar afhang. So bv moet 'n nyweraar toesien dat sy nywerheid die minimum besoedeling veroorsaak. Die boer moet toesien dat hy nie die natuur beskadig nie. Elke gelowige is direk verantwoordelik teenoor God. Die gemeenskap moet laksheid onder die skuldige se aandag bring.*
    *Die staat kan wel help met navorsing, advies, kwaliteitbeheer en subsidies vir grondbewaring en onkruidbestryding. Verder kan die staat ingryp waar iemand sy verantwoordelikheid skreiend versaak.*

23. Wat is u persoonlike keuses en ideale rondom volksimbole soos vlae? Wat is u voorstel vir 'n volkslied in 'n eie staat?

    *Volksimbole moet klem lê op die oppergesag van Christus en ons volk se toewyding aan Hom. Ek hou van die Transvaalse vierkleur met 'n skuins Oranje baan.*
    *Die 4e strofe van die Stem is my keuse vir 'n volkslied*.

24. Wat kan en -moet ons mense wat strewe na ‘n onafhanklike staat, nou reeds doen om te werk na ons ideaal?

*Die vertrekpunt en ook die belangrikste is verootmoediging voor God. Ons moet ons hele lewe – ook ons volksaak onderwerp aan Christus. Ons moet ons sondes aflê en ons eie wil kruisig.*
*Ons moet stry in Sy Naam. Ons doel moet nie net onafhanklikheid wees nie, maar vryheid tot God se verheerliking. Dit moet ons aan vriend en vyand bekend maak.*
*Ons moet glo dat ons Vader almagtig is.*
*Ons moet bereid wees tot vreeslose geloofsdade.*
*In afhanklikheid van Hom moet ons onsself geestelik en fisies voorberei vir toenemende en grootskaalse gewapende aanvalle op ons, sowel as vir die ineenstorting van dienste en die ekonomie.*
*Ons moet onsself losmaak van volksvreemde arbeid en probeer om volksgenote te ondersteun.*
*Ons moet bid dat God ons genadig sal wees en dat die Heilige Gees ons volksleiers sal leer om die stryd in volkome afhanklikheid van Hom te stry en ons ook so te lei.*

25. Enige ander op- of aanmerking rondom u persoonlike opvattings en standpunte, wat u meen belangrik of relevant is in verband met u kandidatuur in die Volksraad-verkiesing?

*Ek beywer my om ons volk op te roep tot ware verootmoediging;*
*Verder om die Bybelse waarheid bekend te maak dat ons ons hele lewe – ook ons volkstryd – aan God moet onderwerp en in Hom moet stry. <u>Dit is nie twee afsonderlike sake nie!</u> Om jouself, jou gesin en jou volk te verdedig is ‘n Bybelse opdrag. Ons daaglikse, fisiese lewe moet integraal deel wees van ons Godsdiens. Hierdie perspektief is lewensbelangrik.*

*Die perd word reggemaak vir die dag van die geveg, maar die oorwinning is van die HERE [JHWH] (Spr 21:31)*

DIE OORSPRONKLIKE HIERVAN IS GETEKEN TE Hagesdam

OP DIE23e DAG VAN DIE MAAND AUGUSTUS IN DIE JAAR 2018.

Geteken Jan Adriaan Schlebusch

AS GETUIES:

1. LOURENS JOHANNES JOUBERT
Geteken:..........................................

2
Geteken: Annemarie Schlebusch